NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:

   - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
   - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk

3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.

4. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord en vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.

5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.

6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.

8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

VRAAG 1 *DIE KOGGELAAR* (Pieter Fourie)

Instruksies vir mini-essayvraag

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy in 'n mini-essay betogend moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

STELLING:

Boet Cronjé is 'n ware slagoffer van negatiewe omstandighede. Met God as vennoot, 'n familieplaas en 'n erfgenaam lyk die toekoms vir Boet aanvanklik belowend. 'n Langdurige droogte, die dood van sy seun en die ontdekking dat sy handlanger eintlik sy halfbroer is, laat hom geen ander keuse nie as **om in opstand te kom teen alles wat hy liefhet.**

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of **Boet se keuse om familiemoord te pleeg en sy eie selfdood**, gegewe sy omstandighede, **die enigste uitweg** vir hom was.

[30]

PROSA

Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die verevrou* – Jan van Tonder)
  Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die lord* – Johan Kruger)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou literêre opstel moet beredenerend van aard wees.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)

Geweld, veral teenoor vroue, is 'n belangrike tema in *Die verevrou.* Beredeneer, aan die hand van ten minste **vier tonele waarin geweld uitgebeeld word**, wat die impak daarvan op die twee vroulike hoofkarakters is.

In jou gevolgtrekking moet jy besin of die **grafiese uitbeelding van geweld** in die roman bydra tot die **oortuigingskrag** van die roman.

[30]

OF

VRAAG 3 ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)

Die ontmoeting en vriendskap tussen twee vroue is die basiese gegewe van die roman *Die verevrou* deur Jan van Tonder. Hoewel hulle grootwordjare baie van mekaar s'n verskil, is daar ook duidelike ooreenkomste.

Verduidelik hoe die **struktuur en vertelsituasie** van die roman **spanning skep** deur veral te verwys na die **ooreenkomste** in die tyd **voor** hulle ontmoeting.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die vriendskap tussen die twee vroue hulle lewens verryk of juis gelei het tot die tragiese einde van Liora Papalato.

[30]

OF

VRAAG 4 ***DIE DAG VAN DIE LORD*** (Johan Kruger)

Geweld, veral teenoor vroue en kinders, is die belangrikste motivering vir Andries se wraak op Lord Kitchener in die roman *Die dag van die lord*. Beredeneer, aan die hand van ten minste **vier tonele waarin geweld uitgebeeld word**, hoe Andries Fourie se lewe deur die geweld wat hyself in die Suid-Afrikaanse Oorlog ervaar het, beïnvloed is.

In jou gevolgtrekking moet jy besin of lesers (net soos Andries) behoort te glo dat die **wraak** op Lord Kitchener **regverdigbaar is deur die geweld** wat hy (Andries) ervaar het.

[30]

OF

IEB Copyright © 2022

VRAAG 5 ***DIE DAG VAN DIE LORD*** (Johan Kruger)

Die roman, *Die dag van die lord*, speel hoofsaaklik in twee duidelike (oorlog) tydruimtes af, naamlik die Suid-Afrikaanse Oorlog asook die Eerste Wêreldoorlog.

Verduidelik hoe die **struktuur en vertelsituasie spanning skep** in die roman deur veral te verwys na die **sielestryd** wat hierdie twee tydruimtes in Andries Fourie ontlok.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die slot (en derde tydruimte, naamlik die Tweede Wêreldoorlog) gepas is binne die romangegewe.

[30]


60 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – BRIEF AAN DIE PERS

Die volgende inligting het in *Die Burger* van Vrydag 17 Julie 2015 verskyn.



Meer as ses jaar na die verskyning van hierdie berig, is die wêreld se voortbestaan onder meer druk as ooit. Skryf 'n **brief aan die pers** waarin jy lesers aanspoor om hulle **rol as wêreldburgers ernstig op te neem**. Jy moet na ten minste **drie van die vyf brandpunte** hierbo verwys.

Belangrik:

- Jou brief sal per e-pos aan die redakteur gestuur word. 'n Formele adres is dus onnodig, maar 'n onderwerpsin moet duidelik aangetoon word. Onderstreep dit.
- Gee jou brief 'n pittige skuilnaam. Gebruik dit in plaas van jou eie naam.
- Jou briefinhoud moet uit ongeveer 250 woorde bestaan. Skryf jou woordtal duidelik onderaan jou brief.

[20]

IEB Copyright © 2022

BEANTWOORD VRAAG 7 of VRAAG 8

Die teks getiteld 'Fop-sonbrandroom-flop en toe lyk sy soos prinses Fiona' (*Maroela Media*-webwerf) is van toepassing op beide Vraag 7 en Vraag 8.


nuus debat sport kos afrikaans vreemd goeie goed leefstyl verm

Fop-sonbrandroom-flop en toe lyk sy soos prinses Fiona

13 Februarie 2021

Lilly Vigus (18), 'n student van Rochester in Engeland het 'n groot fout begaan met 'n fop-sonbrandroom. Haar vel het groen verkleur en haar vriende het gesê sy lyk soos die karakter Fiona in die rolprent *Shrek*.

Lilly, 'n perdebestuurstudent, sê sy het 'n bottel St Moriz 1 Hour Fast Tan in die skakering van "Darker Than Dark" gekoop, omdat dit die enigste een is wat in die winkel oor was. Dit was haar eerste fout. Haar tweede fout was om dit aan te smeer en toe te gaan slaap, in plaas daarvan om dit dadelik af te was, soos wat die instruksies aandui.



(Foto: Lilly Vigus/TikTok)

Sy het die volgende oggend gaan stort om die sonbrandroom af te spoel, en toe opgelet die water is groen. Toe sy uitklim, het sy gesien haar vel is dieselfde kleur.

Haar vriende het gelag en haar vinnig met prinses Fiona begin vergelyk, omdat sy met haar rooi hare en groen vel net soos die tekenprentkarakter gelyk het.

Lilly het die fout al in Februarie 2020 begaan en foto's op haar TikTok-rekening gedeel, maar plaaslike media het eers onlangs daaroor berig.

[*Aanlyn:* <https://maroelamedia.co.za/vreemdhede/fop-sonbrandroom-flop-en-toe-lyk-sy-soos-prinses-fiona/>]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 7 KLAGTEBRIEF

Skryf die **klagtebrief** wat Lilly Vigus aan die vervaardiger van die sonbrandroom skryf.

Belangrik:

- Jou klagte moet as 'n e-pos aangebied word.
- Die toon en styl is formeel en ernstig.
- Die inhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan. Dui die woordtal onder jou teks aan.

[20]

OF

VRAAG 8 RESENSIE

Jy werk by *Huisgenoot* as produkresensent. Skryf die resensie wat in volgende week se uitgawe sal verskyn oor onder meer *St Moriz 1 Hour Fast Tan*. Jou resensie sal as deel van 'n artikel oor sonveiligheid gepubliseer word.

Belangrik:

- Jy moet **drie produkte** resenseer waarvan één die *St Moriz*-produk is. Jy moet ten minste een van die produkte vir lesers aanbeveel. Produkte moet volgens dieselfde kriteria beoordeel word.
- Jou resensie moet ongeveer 250 woorde lank wees. Skryf jou woordtal onderaan.
- Hou jou teikenmark deurgaans in gedagte.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022